SAAMTREKKE

'N GROOT DEEL VAN KARAVAANKLUB LIDMAATSKAP

Gewoonlik is daar elke maand by 'n verskillende plek deur die Komitee aangewys 'n saamtrek waarvan besonderhede in die maandelikse nuusbrief aan lede megedeel word. 'n Saamtrek is 'n byeenkoms van die lede van 'n streek van die KSA in hulle karavane/tente by 'n voorafbepaalde kampplek . Gedurende die saamtrek, gewoonlik Vrydagaande en Sondagoggende, kom almal wat die saamtrek bywoon byeen vir 'n “friendly circle”. Dit is 'n belangrike tradisie wat hier in Natal ontwikkel het wat moontlik uniek is en ontstaan het as gevolg van die vriendelikheid van alle Natallers en hul begeerte om dit met ander te deel. By hierdie geleenthede word aankondigings gedoen, besoekers welkom geheet, toekennings gemaak en verkeer almal gesellig.

wat is 'n saamtrek

KSA hou saamtrekke ten minste 12 keer per jaar, 6 hiervan is "Nasionale saamtrekke" wanneer al die streke in Suidelike Afrika op dieselfde naweek by verskillende plekke saamtrek. Die datums en plekke vir die ander 6 word deur die verskillende Streke bepaal en staan bekend as "Streek saamtrekke". Deur 'n saamtrek by te woon ontvang 'n lid 'n "skyfie". Om daarvoor te kwalifiseer moet die lid ten minste een aand by die saamtrek in sy eie karavaan/tent slaap. Baie lede vertoon die skyfies wat hulle verdien het op “bragboards” by hul karavane/tente wanneer hulle saamtrekke bywoon om hulself sodoende voor te stel aan persone wat miskien in die verbyloop stop vir 'n vinnige gesêlsie.

SAAMTREK SKYFIES

'n Baie belangrike kenmerk van die KSA se leefwyse is om erkenning aan lede te verleen.
Om 'n saamtrek skyfie te ontvang moet 'n lid ten minste een aand van die naweek in sy karavaan/tent by die saamtrek deurbring. Daar is twee soorte saamtrek skyfies:

a) Nasionale skyfies - 'n ronde silwer skyfie word aan lede uitgereik wat 'n Nasionale saamtrek in die land bywoon. Die datum en plek word op die skyfie gegrafeer.
b) Streek skyfie – Elke Streek het sy eie skyfie wat hy by streek saamtrekke uitreik. Natal Highway se skyfie is 'n reghoekige blou skyfie met die Streek se embleem, 'n Strelitzia, daarop. Die datum en plek word ook daarop gegrafeer.

Soms word saamtrekke met 'n spesifieke tema geröel wat een of ander vorm van vrywillige prettige meeding behels, met 'n paslike trofee. Van die onlangse temas was: Visvang, Potjiekos kook, wyn proe, valentyn, halloween, model bootbou. Niemand word verplig of oorgehaal om in enige van die georganiseerde geleenthede deel te neem nie. Elke saamtrek word gereël deur beamptes – 'n senior wat verantwoordelik is vir die koördinasie van die vermaak, funksies, ens vir die naweek. Hy word gewoonlik bygestaan deur twee families wat die oorblywende pligte vir die naweek deel. Junior beamptes, ouer as agt jaar en gewoonlik die kinders van die dienende beamptes, doen die rondhardloop take en is waardevolle assistente. Ter erkenning van die werk wat deur die beamptes gedoen word ontvang hulle Sondag by die "Friendly Circle" beampte skyfies.

deelname is vrywillig

Dit is maklik om te reël om 'n saamtrek by te woon. As jy van plan is om dit gereeld te doen is daar by die Sekretaresse 'n aansoekvorm om op die permanente lys geplaas te word. Dit plaas die verantwoordelikheid op jou om haar betyds in kennis te stel indien jy nie 'n saamtrek kan bywoon nie. Die alternatiief is dat jy haar betyds, gewoonlik die Maandag voor die saamtrek, per telefoon in kennis stel dat jy wil bywoon. Vooraf bespreking is belangrik om te help met die bespreek van staanplekke en vir die voorsiening van etes. Dit staan lede vry om familie en vriende te nooi om as besoekers by hulle aan te sluit by 'n saamtrek en dan geld die volgende voorwaardes.

Besoekers word as volg omskryf: Persone wat nie permanent onder dieselfde dak as 'n lid woon nie. Hulle is welkom in hul eie karavaan/tent of kan by die lid in sy karavaan/tent kuier. Die Sekretaresse sal met graagte die tarief vir elke kategorie besoeker oordra. Om enige moontlikheid van misbruik van hierdie aanbod te voorkom mag 'n persoon net tweekeer as 'n besoeker bywoon en daarna word dit van hulle verwag om by die Klub aan te sluit om dieselfde voordele as volbetaalde lede te kan geniet.

besoekers

As jy met vakansie is en die plaaslike streek daar hou 'n saamtrek kan jy, as jy wil, by hulle aansluit en sal jy altyd welkom wees en tuis voel by die KSA familie. Stel slegs die relevante streek se Sekretaresse vooraf in kennis..

Bo en behalwe normale saamtrekke word spesiale Provinsiale saamtrekke soms gereël en al die streke in die provinsie word aangemoedig om dit by te woon. Gewoonlik is 'n toernooi of interstreek kompetisie 'n kenmerk van sulke saamtrekke. Huidiglik word "Saamtrek Natal" aangebied met sport en kompetisies op die voorgrond asook "Trapkar Saamtrek" met 'n uithou wedren van 'n uur lank waarin tot twaalf spanne deelneem.. Daar is ook wedrenne vir kinders en veterane.

Om aan 'n Klub te behoort en saamtrekke by te woon is die ideale manier om jou karavaan/tent in die betreklike veiligheid van saamwees met ander te geniet. As jy dit nognie probeer het nie, doen dit.

Om te reël om as besoeker by te woon skakel die Sekretaresse by die telefoonnommer wat in die jongste nuusbrief aangedui word wat in hierdie webadres verskyn onder "news".